VEELS GELUK AAN ALMAL WAT VERJAAR!

Sondag:	André Bosman, Eugene Rörich, Megan Starke, Derik Thirion.
Maandag:	Erna Kotze, Jonelle van Heerden.
Dinsdag:	Alecia Barnard.
Woensdag:	Annette du Preez, Thys du Toit, Amelia Vorster.
Donderdag:	Dylan Cockcroft, Annetjie du Randt, Rudolph Schoeman.
Vrydag:	Ava Jurgens, Izak (Sr) Loftus, Letha Visagie, Bütha van der Merwe, Elna Visagie, Gesina Westraat
Saterdag:	Nick Stoman.

HELDERBERG SENIORKLUB

Byeenkoms: Dinsdag 8 Oktober
Plek: NG Kerk Helderberg, Firmountweg, Somerset-Wes
Tyd: 09:00 Tee & verversings, 09:30 Samesang en program
Koste: Lede R10, Besoekers R20
Kunstenaars: Musiekleerlinge van die Hoërskool Paarl Vallei bied 'n vrolike lenteprogram aan.
Ons nooi alle afgetredenes hartlik uit na ons byeenkoms.
Almal baie welkom!
Navrae: Apolonia Maritz – 021-8537560 / 0825077091

"Julle moet werklik sout wees en in vrede met mekaar lewe." **- Markus 9:50**

Jy kan ook van die **Snapscan** toepassing op jou slimfoon gebruik maak om jou dankoffer weekliks (tydens eredienste) en maandeliks te gee. Onthou asb. die regte verwysing. **B**ankoffer vir dankoffer tydens erediens **D**ankoffer vir maandelikse dankoffer.

Familiekerk
NG Hottentots-Holland
Dissipels van Jesus

FAMILIENUUS

SONDAG 29 SEPTEMBER 2024

WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS

09:00: HENNIE FOUCHÉ
SKRIFLESING: MARKUS 9:38 - 50
TEMA: 'N NUWE WERKLIKHEID OP DIE MAAT VAN 'N WALS

Kom drink gerus tee / koffie na die diens en kuier met mekaar.

Ds Ewald Jansen van Rensburg is met Sabbatsverlof
27 September - 31 Oktober 2024

Vandag se deuroffer: Bediening aan Dowes

Die Nasionale Instituut vir Dowes is in 1881 deur die kerk tot stand gebring om die Dowes se stilte en afgesonderdheid te verbreek deur vir hulle taal aan te leer, die Woord van God te leer, en alles-omvattende dienste te verskaf.
Vandag, 142 jaar later, is die Nasionale Instituut vir Dowes verantwoordelik vir Volwasse meervoudig-gestremde Dowes wie nie selfstandig kan funksioneer nie en residensiële sorg binne 'n terapeutiese omgee-gemeenskap ontvang. Twee tehuise vir bejaardes op Worcester en in Bellville skep 'n veilige omgewing vir Dowes en iggaamlik gestremde Dowes.

Volgende week se deuroffer: Tiendemaand Dankoffer

Leraars: Hennie Fouché 082 859 5646; hennie@nghottentotsholland.co.za
Ewald J van Rensburg 082 451 2584; ewald@nghottentotsholland.co.za
Kerkkantoor: Pleinstraat 20, Somerset-Wes, 7130 Maandag tot Vrydag 08:30 - 13:00
Telefoon: 021 852 5004 **E-pos:** admin@nghottentotsholland.co.za
Bankbesonderhede: NG Kerk Hottentots-Holland; ABSA Rek 2900 5900 51
Direkte Erediens-uitsendings: **https://live.eclipse-streaming.co.za/NG-HH-vjs/**
YouTube adres: https://youtube.com/channel/UC6L0OCh0mvcwrmqkI1iWULA
Potgooi: https://bit.ly/3SXY7FI

Bybelstudie-geleenthede gedurende die week:

Die laaste kwartaal se Bybelstudies begin eerskomende week. Ons is nog steeds besig met Nehemia. Enigiemand is welkom om by ons in te skakel:

- Dinsdagaande 19:00 - 20:00 in die Familiekamer
- Woensdagoggende 08:45 - 09:45 in die Familiekamer
- Woensdagoggende 10:00 - 10:45 by Huis Vonke

Hierdie is nie die enigste Bybelstudie– en Omgeegroepe in die gemeente nie. Laat weet gerus waar en wanneer ander groepe bymekaarkom, sodat ander mense ook daarvan deel kan word.

#opWeg in die week
(20-30-jariges) Woensdae 19:00 in Familiekamer

November is die tyd wanneer **SORG VIR JOU SIEL** deur Ewald van Rensburg interaktief behandel gaan word.

Hier is die program van **Sorg vir jou siel**:

Sessie 1: Wat is die Siel? Woensdagaand, 19:00, 6 November
Sessie 2: Die Siel se gesukkel. Sondagaand, 8:30, 10 November
Sessie 3: Wat die Siel benodig. Woensdagaand, 19:00, 13 Nov.
Sessie 4: Die praktyk v Genade. Sondagaand, 18:30, 17 Nov.
Sessie 5: Die praktyk van Dankbaarheid. Woensdagaand, 19:00, 20 November
Sessie 6: Die praktyk van Groei. Sondagaand, 18:30, 24 Nov.
Almal welkom. Gee asseblief jou naam op by die kerkkantoor sodat ons die kursusboeke kan druk.

Om ons gemeente op hoogte te hou wat by **Aanhouwen** gebeur, en watter geleenthede en watter behoeftes daar is, het ons iemand nodig wat die skakel tussen ons en die Sentrum sal wees. Is dit dalk jy?

Kontak dan so gou moontlik vir Andre du Toit: 083 675 6932

Ouma / Oupa en Kleinkind Sondag - 13 Oktober 2024

Ons vertrou dat al die Oumas en Oupas en Kleinkinders genooi is vir ons erediens op Sondag 13 Oktober 2024. Hopelik sal dit 'n dag wees waarop families eers saam met mekaar die erediens bywoon, en daarna heerlik saam met mekaar kuier.

Almal wat in matriek is en binnekort met hulle finale skooleksamen begin moet ook onthou van hierdie erediens op op Sondag, 13 Oktober 2024. Ons wil graag vir julle sterkte toewens vir die eksamen en die nuwe hoofstuk in julle lewe.

DAMES & HERE:

Indien jy graag sou nou en dan op 'n Sondag wil help tee skink en help opruim daarna, kontak asb. vir Lida of Yolandi in die kerkkantoor.
Vele hande ligte werk! Hoe meer mense help, hoe minder gereeld kry jy diensbeurt natuurlik.

Indien 'n teepot jou dalk te senuweeagtig maak maar jy is meer vertroud met 'n rekenaar, dan het ons jou ook nodig! Ons het steeds hulp nodig by die uitsendings na die Tehuise op 'n Sondag. As jy so nou en dan op 'n Sondag hiermee kan help kan jy ook kontak maak met die kerkkantoor asb.

Die **BERG- EN SEEKLUB VIR SENIORS** kom op Donderdag, 3 Oktober om 9:50 by die NG Moederkerk in Andries Pretoriusstr, bymekaar.
'n Apteker, Sampie van Staden, sal praat oor die korrekte en toepaslike gebruik van medikasie.
Erna Kruger sal as voordragkunstenaar optree.
Kom geniet gerus 'n lekker koppie tee/koffie en verversings vanaf 09:15. Lede: R10/ Besoekers:R20